Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Kan ons weer begin?"

Skriflesing: Filemon (1983)

1 Van Paulus, 'n gevangene ter wille van Christus Jesus, en van
ons broer Timoteus. Aan Filemon, ons vriend en medewerker,
2 en aan ons suster Affia en aan Argippus, ons medestryder, en
aan die gemeente wat gereeld in jou huis bymekaarkom.
3 Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here
Jesus Christus!
4 Elke keer as ek bid, dink ek aan jou en dank ek my God
5 omdat ek hoor van die liefde en trou wat jy aan die Here Jesus
en al die gelowiges bewys.
6 My bede is dat die gemeenskap wat jy deur die geloof met ons
het, jou 'n dieper insig sal gee in al die goeie dinge wat ons vir
Christus kan doen.
7 Jou liefde het vir my groot vreugde en bemoediging gebring,
omdat jy, broer, die harte van die gelowiges verkwik het.
8 Daarom, al het ek in Christus die volste reg om jou op jou plig
te wys,
9 doen ek liewer 'n beroep op jou op grond van die liefde. Dit
doen ek, Paulus, wat 'n ou man is en nou ook 'n gevangene ter
wille van Christus Jesus.
10 Ek doen 'n beroep op jou in belang van my kind Onesimus.
Hier in die gevangenis het ek sy geestelike vader geword.
11 Voorheen was hy vir jou nie bruikbaar nie, maar nou is hy
baie bruikbaar sowel vir jou as vir my.
12 Ek stuur hom na jou toe terug, en my hart gaan saam met
hom.
13 Wat my betref, ek sou hom graag by my wou hou, sodat hy
my in jou plek kan dien terwyl ek ter wille van die evangelie 'n
gevangene is.
14 Maar ek wou niks sonder jou instemming doen nie, sodat jou
weldaad nie uit dwang sou wees nie, maar uit vrye keuse.
15 Miskien was hy 'n kort tydjie van jou af weg juis sodat jy hom
vir altyd sou terugkry,
16 nou nie langer net as 'n slaaf nie, maar meer as 'n slaaf: as 'n
geliefde broer. Dit is hy besonderlik vir my; hoeveel te meer sal
hy dit dan nie vir jou wees nie, as mens en as broer in die Here.
17 Dus, as jy my as deelgenoot in die geloof beskou, ontvang
hom net soos jy my sou ontvang.
18 As hy jou enige skade aangedoen het of iets skuld, sit dit op
my rekening.
19 Hier skryf ek, Paulus, met my eie hand: "Ek sal betaal." Ek
hoef jou natuurlik nie daaraan te herinner dat wat jy is, jy aan
my te danke het nie.
20 Ja, broer, in die Naam van die Here, bewys my hierdie guns.
Maak my hart bly, soos 'n broer in Christus.
21 Ek skryf aan jou in die vertroue dat jy sal doen wat ek vra. Ek
weet ook dat jy selfs meer as dit sal doen.
22 Hou sommer ook vir my huisvesting gereed, want ek hoop dat
God, in antwoord op julle gebede, my aan julle sal teruggee.
23 Epafras, wat saam met my ter wille van Christus Jesus 'n
gevangene is, stuur vir jou groete;
24 ook my medewerkers Markus, Aristargos, Demas en Lukas
stuur groete.
25 Die genade van die Here Jesus Christus sal by julle wees!

Lied 163

Soos 'n wildsbok wat smag na water,

smag my siel na U, o Heer.

U alleen is my hartsverlange

en ek bring aan U die eer.

U alleen is my bron van krag;

in U teenwoordigheid wil ek wag,

U alleen is my hartsverlange

en ek bring aan U die eer.

Broodjies vir die pad

All the interests of my reason, speculative as well as practical, combine in the three following questions: 1. What can I know? 2. What ought I to do? 3. What may I hope? (Immanuel Kant)

◆◆◆

'n Hunkering se grein

Johann de Lange

'n Ryk geskakeerde bundel waarin dié bekroonde digter indringend fokus op temas soos, onder meer, skoonheid teenoor verval, die skoonheid *in* verval, die troos van die woord en die gedig, die weerloosheid van die lewe en menswees, en die erotiek wat tog so deel vorm van elke mens. Daar is heelwat vernuwende elemente – meer waarneming, meer metafisies en fyner gedraad. Die verse is pretensieloos en daar is geen poging om die leser te beïndruk met 'n verwikkelde verwysingswêreld nie. Eenvoud is die eerste wagwoord, en die tweede is eerlikheid. Dit is 'n bundel wat na baie kante strek, maar wat konsekwent tot die leser spreek. Dit is 'n sensitiewe stuk werk wat vir die ware teksleser oneindige vreugde sal verskaf. 'n Uitstekende toevoeging tot die Afrikaanse digkuns.

Johann de Lange is op 22 Desember 1959 in Pretoria gebore. Sy debuutbundel *Akwarelle van die dors* (1982) is met die Ingrid Jonkerprys bekroon. Sy vierde bundel, *Wordende naak*, word met die Rapportprys vir Poësie bekroon in 1990. *Die algebra van nood*, wat in 2009 verskyn het, is in 2011 met die Hertzogprys bekroon.

Lente is kwastig

Lente is kwistig met die kwas:
kyk hoe kwastig dik hy die kammetjies aan
kleurig ry op ry, die blare van die magnolia

& die advokaatpeer is blink impasto.
So ver die oog kan knipperkyk
is veld fyn kwaspuntig met kleur ingestippel;

met paletmes is berge teen die horison bonkig
geplet en -smee sommerso uit vet verfbuise.
Naderby bak rotse bruinrug, & sonkant

waar eerstelig blink op blare van die oleander
brand op rotse loog-as-grys, & roes- & vuurrooi ligeen.
Lente is 'n digter wat daglank palissander.

http://versindaba.co.za/2016/08/20/nuwe-publikasie-n-hunkering-se-grein-johann-de-lange/

◆◆◆

AFTER DEATH

We know nothing of death, nothing other than the one fact that we shall die—but what is that, dying? We do not know. So it behooves us to accept that it is the end of everything conceivable by us. To wish to extend our conception beyond death, to wish to anticipate in the soul what death alone can reveal to us in existence, seems to me to be a lack of faith clothed as faith. The genuine faith speaks: I know nothing of death but, I know that God is eternity, and I know this, too, that he is my God. Whether what we call time remains to us beyond our death becomes quite unimportant to us next to this knowing, that we are God's—who is not immortal, but eternal. Instead of imagining ourselves living instead of dead, we shall prepare ourselves for a real death which is perhaps the final limit of time but which, if that is the case, is surely the threshold of eternity.

(Buber, Martin. 1969. *A believing humanism: gleanings*. New York: Simon and Schuster.)

◆◆◆

The one badge of Christian discipleship is not orthodoxy but love. (Billy Graham)

What you present as the gospel will determine what you present as discipleship. If you present as the gospel what is essentially a theory of the atonement, and you say, 'If you accept this theory of the atonement, your sins are forgiven, and when you die you will be received into heaven,' there is no basis for discipleship. (Dallas Willard)

With patience and persistence, even the smallest act of discipleship or the tiniest ember of belief can become a blazing bonfire of a consecrated life. In fact, that's how most bonfires begin - as a simple spark. (Dieter F. Uchtdorf)

When we honestly ask ourselves which person in our lives means the most to us, we often find that it is those who, instead of giving advice, solutions, or cures, have chosen rather to share our pain and touch our wounds with a warm and tender hand. (Henri Nouwen)

Let us not be satisfied with just giving money. Money is not enough, money can be got, but they need your hearts to love them. So, spread your love everywhere you go. (Mother Teresa)

Brood vir die pad

'Ag man, dis … in die army (of is dit?)'

Corné Koegelenberg

Die ander dag sit ek en dink: Ek is darem bly ek was nie in die *army* nie.

Destyds moes die manne op die trein klim, grens toe, waar hulle mans sou raak. Ek was universiteit toe, en al wat ek geraak het, was babelas.

Ek het nie 'n balsak gekry soos die manne in die *army* nie. My ma het my by die koshuis afgelaai met te veel skoon onderbroeke en meer as genoeg *airtime* om huis toe te bel.

Daar in Stellenbosch kon ek laat slaap en niemand sou my uitskel as ek nie my bed opmaak nie. Ek kon op die toilet sit sonder om bang te wees watter slang my gaan pik. Ek kon my hare lank laat groei, dit selfs kleur as ek wou.

Ek kon enigiemand vry, mans of meisies. En al wou ek net met die mooiste jong dames flankeer, het ek dit steeds geniet dat ek die opsie gehad het.

Ons kon openlik oor aktuele kwessies debatteer en ons menings, hoe omstrede ook al, lug.

Waar ouens in die army bang was vir terroriste en, was ons net bang vir mooi *girls* en gebreekte harte.

Ouens wat in die *army* was, daarna regte werke kry; ons kon kunstenaars of *house husbands* word. Of ons kon regte werke kry, die keuse was ons s'n.

Ons kan ons kinders Engelse name gee soos Aiden, Arthur en Levi, ons kan hulle selfs in Engelse skole sit sonder dat te veel mense vrae vra.

Verandering is nie iets wat ons vrees nie. Ons breek af en begin oor.

Die manne in die *army* was bang vir 'n koeël in die kop, ek is bang ek beledig iemand op Facebook.

Daar was nie 'n Spur in Angola nie, nie 'n Maandag *burger special* of 'n "all you can eat ribs nie", ook nie 'n Virgin Active nie. Daar was nie *protein shakes* nie, net *ratpacks*, daar was nie *banting* nie, net *jippo guts*. Vergeet Swapo, ons generasie se grootste vyand is gluten.

Deesdae mag Afrikaanse mans soos ek sokker kyk, selfs na-ure gaan netbal speel, niemand sal jou oordeel nie. Pleks van middag-*siestas* het ons Instagram-uitstallings. Pleks van terrs vang ons Pokémons.

Ons mag ons baarde laat groei en dit met duur olies in stand hou. Ons kan vellies dra sonder dat ons ooit in die veld hoef te stap.

Ons hoef nie te sukkel met hout of *charcoal* nie, ons braai met gas. Dis baie minder moeite. Ons wieldoppe is stylvol en ons bier is *lite*. Ons kollekte betaal ons oor die internet. Pleks van rooivleis eet ons volstruis, want dit het minder vet.

Ons trek Kaap toe, maar ons hoef nie in die see te swem nie. Ons gaan bly in die *suburbs*, maar ons hoef nie ons eie gras te sny nie.

Gaan staan ons met 'n pap wiel, bel ons die versekering. Wil ons weet wat in die buitewêreld aangaan, skakel ons CNN aan (en lê dan 'n eier daaroor op Twitter).

Die *army* was 'n taai plek en ek is bly ek hoef nooit daardeur te gaan nie. Maar nou wonder ek: Dis eintlik k*k dat ons nie in die *army* was nie.

** Corné Koegelenberg is 'n produksiebestuurder in die TV-bedryf.*

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ag-man-dis-kk-in-die-army-of-is-dit-20160818#

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877